NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Die Hervormer


September 2026 | Die amptelike mondstuk van die NHKA | Jaargang 119, nommer 5



Die digitale era en herontdekking van bronne | 3



Potchefstroom se Noordwes Motorskou – méér as net 'n basaar | 4-5



Groen spriete | 6



Stoepstories | 8

# Kerkwees in Dorsland: Getrou onderweg in 'n veranderende landskap

Ds Barrie Oberholzer

**Kerkwees in Namibië het 'n besondere karakter. In die gemeentes van die Ring van Dorsland word dit sigbaar in lidmate wat, ondanks groot afstande en ekonomiese druk, steeds hul plek inneem; in ampsdraers wat met toewyding dien; en in mense wat verantwoordelikheid aanvaar sodat die evangelie verkondig en geloofsgemeenskappe opgebou kan word.**

Elke gemeente in die Ring het haar eie geskiedenis, karakter en omstandighede. Tog word baie van dieselfde vrae gedeel: Hoe word mense oor groot afstande bedien? Hoe word kleiner gemeentes ondersteun? Hoe word die stygende koste en die afname in beskikbare predikante hanteer? En hoe bly die kerk getrou aan haar roeping binne 'n samelewing wat voortdurend verander?

Die gemeentes van die Ring van Dorsland is 'n integrale deel van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA). Die verbondenheid in geloof, belydenis, geskiedenis en kerklike lewe is kosbaar. Terselfdertyd funksioneer hierdie gemeentes in 'n onafhanklike land met 'n eie grondwet, wetgewing, administratiewe stelsels en ekonomiese werklikhede. Kerkwees in Namibië bring daarom eiesoortige verantwoordelikhede mee.

Arbeidsverhoudinge, immigrasie, belasting, pensioenvoorsiening, bankwese en die regsposisie van kerklike instellings word deur Namibiese wetgewing bepaal. Die Kerk moet daarom kerkordelik handel én aan die vereistes van die land waarin sy dien, voldoen. Goeie bestuur staan nie teenoor die geestelike bediening nie. Dit is deel van die Kerk se getuienis en skep juis ruimte waarbinne die bediening verantwoordelik kan plaasvind.

Wat in die geskiedenis van die NHKA in Namibië opval, is haar besondere vermoë om by veranderende omstandighede aan te pas. Groot afstande, verspreide gemeenskappe, beperkte hulpbronne en 'n tekort aan predikante is nie nuwe verskynsels nie. Vorige geslagte het deur samewerking en verskillende bedieningsvorme telkens 'n weg gevind om getrou aan die Kerk se roeping te bly. Aanpassing het nie noodwendig tot verlies aan identiteit gelei nie, dit het trouens juis die voortgang van die bediening moontlik gemaak.

Afstand vertel egter nie die volle verhaal van Dorsland nie. Hoewel die predikante soms honderde kilometers van mekaar af woon en werk, bestaan daar 'n besondere onderlinge verbondenheid. Predikante is sterk by mekaar se bediening en persoonlike welstand betrokke en deel die vreugdes, spanning en eise van die bediening binne die Namibiese konteks.

Hierdie verbondenheid word doelbewus gekoester. Geleenthede word geskep waar predikante én hul gesinne saam kan verkeer, leer en geestelik versterk word. Daar is 'n groeiende besef dat 'n predikant se bediening nie van die welstand van sy of haar gesin losgemaak kan word nie. Daarom word predikante en hul eggenotes byvoorbeeld saam, en sonder onderskeid, by voortgesette teologiese toerusting (VTT) betrek.

Dieselfde ingesteldheid word weerspieël in die Ringskomitee vir Predikante, waar een van die predikante se eggenote as ondervoorsitter dien. Daarmee word erken dat die vreugdes en uitdagings van die bediening dikwels deur die hele predikantsgesin gedeel word en dat die versorging van predikante daarom ook hierdie breër perspektief moet insluit.

Die NHKA in Namibië wil ook nie kerklik in afsondering leef nie. Op uitnodiging het die Kerk by die *Council of Churches in Namibia* (CCN) ingeskakel en neem tans met waarnemerstatus aan die werksaamhede daarvan deel. Die bestaande grondwet van die CCN bepaal dat 'n kerk meer as 5 000 lidmate moet hê om volle lidmaatskap te verkry. Omdat die NHKA in Namibië kleiner is, is volle lidmaatskap tans nie moontlik nie.

Dit is daarom betekenisvol dat die CCN besig is om sy grondwet te hersien met die oog daarop om ook kleiner kerke, waaronder die NHKA tel, die geleentheid te gee om volledig in te skakel. Hierin word 'n belangrike wedersydse gesindheid sigbaar: die NHKA in Namibië toon haar bereidheid om ekumenies saam te werk, terwyl die CCN bereid is om die NHKA te akkommodeer en 'n geleentheid te skep sodat haar stem ook binne die Namibiese kerklike en openbare landskap gehoor kan word.

Strategiese nadenke in die Ring gaan egter nie net oor strukture en administrasie nie. Dit moet uiteindelik in mense en verhoudings gestalte kry. Twee besluite van die Ringsvergadering illustreer hierdie benadering besonder goed.

Eerstens wil die Ring die onderlinge akkoord tussen lidmate en gemeentes versterk. Daarom word 'n Ringsgesinskamp gereël wat DV van 30 Oktober tot 2 November 2026 sal plaasvind. Die bedoeling is meer as bloot 'n gesellige saamtrek. Dit wil 'n omgewing skep waar lidmate oor gemeentegrense heen mekaar beter leer ken, saam aanbid, saam gesprek voer en opnuut ontdek dat die gemeentes deel vorm van 'n groter geloofsgemeenskap.

Tweedens word daar, in aansluiting by 'n komende VTT-geleentheid, spesifiek ruimte geskep vir jonger lidmate om aan 'n gesprek oor kerkwees deel te neem. Jong lidmate word uitgenooi om saam te dink oor wat dit beteken om kerk te wees in hierdie opwindende en vinnig veranderende tyd waarin ons leef. Die afgevaardigdes wat die Ring namens die Hervormde Teologiese Kollege besoek en die VTT aanbied, sal ook aan hierdie gesprek deelneem.

Hierdie gesprek is belangrik omdat die Kerk nie net oor jonger lidmate en die toekoms van die Kerk behoort te praat nie. Daar moet ook saam met hulle geluister en gedink word. Hulle ervaring, vrae, verwagtings en geloofsperspektiewe behoort deel te vorm van die wyse waarop die Ring oor toekomstige bediening nadink.

Dit bring 'n belangrike perspektief op strategiese



beplanning na vore. Strategiese beplanning in die Kerk kan nie slegs 'n oefening in bestuur, strukture of kostebesparing wees nie. Dit is uiteindelik 'n proses van geloofsonderskeiding: Waar is die Here reeds aan die werk? Watter mense en gawes het Hy aan sy kerk toevertrou? En hoe kan hierdie gawes verantwoordelik gebruik word om die evangelie ook in 'n veranderende konteks te dien?

Die verskillende bedieningsmoontlikhede wat in die Ring ondersoek word, waaronder toekomstige bediening in die Sentraal-Noorde, vorm deel van hierdie groter gesprek. Geen enkele model is egter die doel nie.

Die kernvraag bly eenvoudiger en veel belangriker: Hoe verseker ons dat mense steeds die Woord van God hoor, pastoraal versorg word en binne 'n lewende geloofsgemeenskap 'n geestelike tuiste vind?

Geen gemeente kan hierdie uitdaging alleen hanteer nie – gemeentes het mekaar nodig. Groter gemeentes sal soms kleiner gemeentes moet help dra, terwyl kleiner gemeentes nie bloot volgens lidmaatgetalle beoordeel behoort te word nie. Hul teenwoordigheid en getuienis in 'n dorp of streek kan van onberekenbare waarde wees.

Die Ring van Dorsland kyk daarom nie sonder kommer na die toekoms nie, maar beslis ook nie sonder hoop nie. Daar is getroue lidmate, toegewyde ampsdraers, predikante wat met volharding dien, predikantsgesinne wat saam ondersteun word, jonger lidmate wat genooi word om saam te dink, en gemeentes wat bereid is om nuwe moontlikhede te ondersoek.

Niemand weet presies hoe die bediening in Dorsland in die toekoms sal lyk nie. Wat wel bekend is, is aan Wie die Kerk behoort.

Die Kerk in Namibië het deur haar geskiedenis geleer om aan te pas, saam te werk en nuwe moontlikhede te benut. Mag sy dit ook nou doen – nie omdat verandering op sigself die antwoord is nie, maar omdat sy getrou wil bly aan Christus, aan die mense wat aan haar sorg toevertrou is, en aan haar roeping om saam met ander kerke 'n geloofwaardige getuienis in Namibië te lewer.

(Ds Barrie Oberholzer is leraar van Gemeentes Grootfontein en Tsumeb en voorsitter van die Ring van Dorsland)

# Verantwoordelik met jou kruisie



**Ds David Barnard**

***Al praat ek die tale van mense en engele, maar ek het nie liefde nie, dan het ek 'n weergalmende ghong of 'n kletterende simbaal geword* (1 Kor 13: 1, AFR2020).**

Die *ghong* of *simbaal* in hierdie Skrifgedeelte, verwys na instrumente wat groot lawaai vir kort tye gemaak het, maar die klank was nie blywend nie. Ghonge en simbale is onder andere by heidense rituele gebruik om die aandag van die gode te trek – om hulle as't ware wakker te maak. Dit is ook gebruik om aanbidders se aandag te trek sodat hulle aan die rituele kon deelneem. Die donderende lawaai het slegs vir 'n kort tydjie geduur en het nie 'n langdurige impak gehad nie. Die Skrifgedeelte herinner ons daaraan dat liefde en die opregte uitleef van jou geloof in die lewende God daarenteen, 'n blywende indruk op die wêreld laat.

Die datum vir die munisipale verkiesing van 2026 is reeds bekendgemaak. Al wat 'n politikus is, skarrel in hierdie dae angstig rond met die hoop om stemme vir hulle onderskeie partye te werf. Hulle hoop is dat hulle die voorreg sal hê om 'n gebied te bestuur of te beheer. Hulle voorspel met bulderende stemme tye van voorspoed en vrede vir elke inwoner van die land. Dalk is dit inderdaad maar net 'n kakofonie van *weergalmende ghonge* en *kletterende simbale* wat ons sinne vir 'n kort tydjie beproef. Net om ná die verkiesing weer te verdwyn. Saam met die oorweldigende klanke, raak die beloofde hoop op voorspoed en vrede in die vergetelheid weg.

Hierdie ritme wat elke paar jaar herhaal word en wat reeds van die vroegste tye af deel van demokratiese bestelle was, het miljoene mense deur die eeue heen genoop om uit te roep: *Dit is nie meer die moeite werd om op te trek na 'n stembus, in lang toue te staan en om my kruisie te trek nie.* Daarvan leef daar talle voorbeelde in ons eie land. Die een wat tans in my gedagtes leef, is die beeld van 'n bejaarde vrou wat laatmiddag met 'n emmer in 'n lang tou staan om water by 'n enkele kraan te tap. Wanneer die lang wag verby is, dra sy die vol emmer met groot moeite huis toe, net om die ritueel die volgende dag te herhaal. Sy vra tereg: *Hoe help die kruisie op 'n stembrief my om my persoonlike omstandighede te verbeter?*

Waar laat dit ons as gelowiges? Moet ons hande in die lug gooi en die skynbaar futiele oefening van stem laat vaar? Verskeie politici, onder andere Kofi Annan, die sewende sekretaris-generaal van die Verenigde Nasies, het oor die jare na demokrasie, dus ook die reg om te stem, verwys as 'n breekbare blom (*fragile flower*) wat beskerm en gekoester moet word. Wat behels ons beskerming van hierdie breekbare blom?

Jürgen Moltmann stel dat om 'n stem uit te bring, nie slegs 'n persoonlike voorkeur van een kandidaat bo 'n ander is nie. Ons het immers almal duidelike voor- en afkeure. Trouens, in ons land kan uiterste afkeure van bepaalde partye of kandidate lei tot vernederende, vernietigende, snydende uitsprake en selfs openlike haat. Moltmann stel dat om te kies is 'n openbare aksie van onder (menslik) wat deur hoop, geregtigheid en verantwoordelikheid gevorm moet word. My stem moet bydra tot die groter welsyn van álle mense. Ons taak en roeping is dus om so te stem dat ons daarvan oortuig is dat ons kruisie daardie hoop voed en nie ondermyn nie. Ons roeping is voorts om van die mag van die *elite* na die gemarginaliseerdes van die wêreld te skuif. In ons eie samelewing is daar soveel mense wat steeds op grond van stand, geslag, geloof, ras of seksuele oriëntasie gemarginaliseer word. Ons baken tog graag af. Kruisies word langs die naam van 'n persoon of party getrek wat ons eie voorkeure sal handhaaf of bevorder. Ons is egter ook veronderstel om die stem van die stemloses in die samelewing te wees.

Dit beteken nie dat daar 'n foutlose instelling of politieke party bestaan nie. Alle menslike instellings is immers gebrekkig. Ons keuse is dus selde tussen suiwer boos en suiwer rein. Ons stem is hoogstens, aldus Michael Horton, professor in Sistematiese Teologie by die *Westminster Seminary California*, 'n gereedskapstuk van rentmeesterskap om die maksimum geregtigheid in 'n samelewing te laat leef. Uiteraard is die uitbring van 'n stem ook verwant aan ons politieke, sosiale en ander voorkeure. Tog gaan dit nie oor my nie – dit gaan oor almal en die groter geheel se welsyn.

In die komende maande gaan ons die voorreg hê om te stem en dan gewoon te hoop en te vertrou. Laat ons in geloof, diegene wat die Here se hoop vir die wêreld die beste uitbeeld, soek en ons aan hulle bind. Moltmann het dit treffend gestel: *Om te stem, plaas die verantwoordelikheid op ons skouers om die koninkryk van God te bevorder, om onderdrukkende sisteme te ontmasker en af te breek en om menslike waardigheid te beskerm.*

## Uit die Woord

**Lei my Heer op die regte weë**

*Leer my om te doen wat vir U aanvaarbaar is, want U is my God. U goeie Gees moet my lei op gelyk grond* (Ps 143: 10, AFR2020).

Neem my lewe, laat dit Heer,
U gewy wees meer en meer.
Laat my hart gedurig juig
en van dankbaarheid getuig.

Maak my hart vir U tot troon
deur u Gees wat in my woon.
Rig my wil, gevoel en daad
altyd na u wyse raad.

(Gesang 308: 1 en 5)

## Oordenking

# Net 'n gewone mens...

**Ds Armandt Botha (Elsburg/Groeneweide)**

**Volgens Rigters 13-16 was Simson nie 'n fris man nie.**

In hedendaagse televisieprogramme of films oor Simson word hy uitgebeeld as 'n reusagtige man met lang hare. Hierdie beskrywing word nie in die Bybel vermeld nie. Inteendeel, al wat die Bybel van sy voorkoms sê, is dat hy lang hare gehad het, wat daarop dui dat Simson 'n nasireër was.

Die waarheid oor Simson is dat hy nie noodwendig groot en fris was nie. Hy was 'n gewone mens soos ek en jy. Daarom is daar soveel meer waarde geheg aan die wonders wat hy wel gedoen het. Dat God die een was wat hom daardie wonders laat doen het. 'n Mens besef eers watter tipe mens hy eintlik was as jy gaan kyk na die rede hoekom hy hierdie wonderdade gedoen het.

Kortliks, Simson maak 30 ryk mans dood vir hulle klere (die raaisel wat hulle reg geraai het, het gemaak dat hy vir elke man mooi klere moes gee), hy breek Gaza se poorte af en loop weg met die hek (die vyande het hom buite die huis van 'n prostituut ingewag om hom gevange te neem). Hy verbrand al die Filistyne se landerye (sy skoonpa het sy vrou aan 'n ander man gegee) en maak 1 000 soldate dood. Tweeduisend ander het weggehardloop. Die Israeliete het hom gevange geneem en aan die Filistyne oorgegee. Die ironie was dat al hierdie wonderdade die Filistyne se greep op die Israeliete verswak het, maar Simson was kwaad oor 'n vrou en het met geweld opgetree. Nie een van hierdie buitengewone dade was vir God of met God in gedagte gedoen nie.

Buiten die feit dat God hierdie man verskriklik sterk gemaak het, en dit nie noodwendig spiere of grootte was wat hom sterk gemaak het nie, was hy maar eintlik net 'n sondige mens. In sy gesprekke met God was sy trant ongeskik en beskuldigend. Sy nasireër-voorskrifte is iets wat hy heeltemal verontagsaam het. Indien 'n mens so iemand vandag sou teëkom, sal jy beslis nie dink hy is 'n man van God nie.

Wat ons vir mekaar sê is dat as dit nie vir God was nie, sou daar regtig niks spesiaal aan Simson gewees het nie. Sonder God was hy net 'n doodgewone mens.

'n Waarheid wat goed is om af en toe aan herinner te word, is dat dit nie saak maak wat jy al bereik het nie – sonder God en sy bystand is ons almal maar net 'n leë dop. Ons kan geen prestasie of besitting eendag saam vat hemel toe nie.

Gee dank aan die Here dat Hy altyd by jou is en jou in staat stel om jou talente tot sy eer te gebruik. Sê dankie aan God dat Hy jou gemaak het soos jy is en vir wie jy is. Só maak ons sy beeld sigbaar.

Prys die Here dat Hy ook mense soos Simson kon gebruik om iets van sy beeld sigbaar te maak en nie net sy eie beuel te blaas nie. Laat die verhaal ons daaraan herinner hoeveel God met ons kan bereik as ons Hom toelaat.

# Die digitale era en herontdekking van bronne




**Ds Waldo Pretorius**

**Elke jaar begin 'n predikant weer van voor af met beplanning in 'n gemeente. Jy wonder wat jy hierdie jaar met die jeug kan doen. Is daar preekreekse wat ek kan gebruik? Wat kan ek by die Bybelstudie en die skoolopeninge behandel? Waar vind ek bronne wat my kan help om lidmate te begelei om hedendaagse vraagstukke en wêreldgebeure sinvol te interpreteer?**

Gelukkig hoef predikante en lidmate nie langer te wonder oor waar hulle hierdie inligting kan bekom nie. Die Kerk bied reeds 'n oplossing. Deur die jare heen het die Kerk wyd oor 'n verskeidenheid onderwerpe geskryf – uitdagings, geleenthede, jeugprogramme, kerkgeskiedenis en dies meer. Hierdie publikasies het in 'n stadium 'n tydperk van groot bloei beleef toe die Kerk besighede besit het wat goed presteer het en vir baie mense werksgeleenthede verskaf het – van bouers tot professors. Elkeen het sy plek in die Kerk se werksomgewing gevind.

Mnr AB van N Herbst het reeds in 1948 met besondere visie 'n drukpers begin. Sy doel hiermee was om vir kinders van die Kerk se weeshuis werk te verskaf nadat hulle hul skoolloopbaan voltooi het. Dit het as die NHW Pers (Nederduitsch Hervormde Weeshuis Pers) begin. Daarna het die NHW Bouers begin waar die seuns van die weeshuis opgeleide bouers kon word. Hulle het veral kerke en pastorieë gebou, wat handig te pas gekom het toe die Kerk aansienlike groei beleef het en al hoe meer kerkgeboue in die 1970's en 1980's opgerig is. Mettertyd is die HAUM (Hollands-Afrikaanse Uitgewersmaatskappy) deur die NHKA oorgekoop en is daar 'n aantal boekwinkels geopen. Die Kerk het kontrakte by die staat ontvang om skole se handboeke te druk, wat 'n groot inspuiting vir dié uitgewery was.

Die behoefte om materiaal oor relevante kwessies te skep, het ontstaan. Die Kerk het gevolglik predikante en ander kundiges aangestel om gereeld boeke en toerustingsmateriaal te skryf. Dit het gelei tot die ontstaan van KITAL (Kerklike Instituut vir Toerusting van Ampsdraers en Lidmate). Die Kerk het 'n groot verskeidenheid waardevolle boeke, ander publikasies en toerustingsmateriaal uitgegee wat deur belese en bekwame outeurs geskryf is.

Die waardevolle besigheidsbelange van die Kerk het ongelukkig intussen tot niet gegaan. Tog is daar van die skatte wat ons vandag steeds kan benut. Baie van die kerkgeboue waarin ons vandag eredienste hou, het vir jong manne en vroue werksgeleenthede gebied. Ons dink ook aan die tannies wat hul vingers stompies gebak het aan koeksisters en koekies om fondse vir die bouery in te samel (gaan vra maar jou ouma of oumagrootjie).

Een van die grootste skatte wat steeds van aansienlike waarde kan wees, is die boeke wat uitgegee is en soms vol stof op predikante se boekrakke of in die Argief staan. Dit is soms baie maklik om te dink dat 'n boekie met 'n ou omslag en verbleikte en vergeelde blaaie nie meer vandag van toepassing is nie, maar so 'n aanname is te haastig. Ons kom voor talle kwessies te staan waar dit nie nodig is om die wiel weer uit te vind nie. Daar is reeds waardevolle riglyne. Ons moet net die stof van die boek afblaas en die wysheid en kennis in daardie boeke herontdek. Daardie bronne kan steeds relevant vir die nuwe kwessies van vandag wees.

Die Sentrum vir Reformatoriese Teologie (SRT), in samewerking met die Argief van die NHKA, het verlede jaar 'n projek geloods om baie van die boeke wat deur die NHKA gepubliseer is, elektronies beskikbaar te stel. Hierdie boeke is onder andere deur die NHW Pers, HAUM, KITAL en SENTIK versprei. Volg gerus hierdie skakel na *Internet Archive* **https://archive.org/details/@nhka_argief/uploads** waar u saam met ons die Kerk se bronne kan herontdek.

Indien daar 'n boek is wat nog nie daar beskikbaar is nie, of indien daar spesifieke boeke is wat na u mening nog by hierdie aanlyn versameling gevoeg moet word, is u welkom om vir my 'n versoek te stuur by **waldo@nhk.co.za** sodat ons die aanlyn biblioteek verder kan uitbrei. Ons beplan nie om op hierdie stadium al die boeke op te laai nie, maar om selektief daarmee om te gaan. Ons wil eerder 'n verskeidenheid uit verskillende dissiplines beskikbaar stel. Die fokus is veral op dit wat vir predikante en lidmate van praktiese en historiese waarde kan wees.

Die skandeerproses is nie aldag so eenvoudig soos wat 'n mens mag dink nie. Boeke word by die Argief uitgesoek vir skandering. Daar is slegs 'n gedeelte van die boeke by die Argief self beskikbaar. Van die ander boeke is by Gemeente Midstream en die res staan nog in kartondose by Gemeente Wonderboompoort. Terloops, u is welkom om die versameling by Gemeente Midstream te raadpleeg. Die feit dat die boeke op verskeie plekke staan, maak die toeganklikheid 'n uitdaging en juis daarom is die skandeerproses so belangrik.

Die geselekteerde boeke word met behulp van een van die twee oorhoofse skandeerders wat deur die SRT en die Argief gebruik word, geskandeer. Elke bladsy moet geskandeer word en daarna moet die persoon wat die skandering doen, toesien dat elke bladsy reg vertoon. Daarna word die skanderings saamgepers tot 'n soekbare PDF-dokument. Die dokument word dan op *Internet Archive* opgelaai, waar daar 'n aantal metadata ingevoeg word om die dokument se soekbaarheid te verbeter. Wanneer die dokument deur daardie prosesse is en opgelaai word, word die dokument by een van verskeie lyste (Algemene Kerkvergadering, Almanak en NHKA boeke) geplaas, om soektogte te vergemaklik.

Hierdie projek is nog in die beginfase en deurlopende befondsing word benodig om dit moontlik te maak. Tog bly dit vir die Kerk 'n belangrike projek om die wysheid van vroeëre generasies weer te laat hoor. U is welkom om my te kontak indien u meer inligting verlang of die projek wil ondersteun.

(Ds Waldo Pretorius is leraar van Gemeente Ventersdorp)

# Potchefstroom se Noordwes Motorskou – méér as net 'n basaar









**Ds Willem Kok en dr Marina Kok-Pretorius**

**Behalwe eredienste, barmhartigheidswerk, kategese en Bybelstudie, het alle gemeentes van die Kerk nog iets in gemeen: basaar! Ons almal ken die lekkerte van basaarkos, die vreugde van onderlinge samewerking en samesyn, en die unieke atmosfeer by 'n basaar. Om basaar te hou, is al so te sê sinoniem met gemeentewees. Alhoewel die meeste gemeentes genoop word om 'n basaar vir die doeleindes van fondse te hou, dien dit tog ook tot die opbou van die onderlinge geloofsgemeenskap en tot 'n gemeente se sigbare diensbaarheid na buite.**

Sommige gemeentes benader egter die tradisionele *basaar* kreatief en innoverend. Gemeente Potchefstroom is só 'n gemeente. Hoewel dit die oudste gemeente van die NHKA is, is hierdie gemeente beslis nog nie koud nie! Hulle bied sedert 1993 hul basaar in die vorm van 'n motorskou aan.

Aanvanklik was die bedoeling met die motorskou om fondse vir jeugwerk in te samel. Die destydse jeugouderling het die gedagte gehad om 'n paar ou motors uit te stal en eetgoed te verkoop as 'n fondsinsamelingaksie. Hoe meer ons daaroor gepraat het, hoe meer het die gedagte van 'n motorskou posgevat. Ons het die *Carletonville Car Collectors Club* en 'n paar mense in Potchefstroom wat ou motors gehad het, uitgenooi na die eerste geleentheid. Daar was 35 motors tydens hierdie geleentheid uitgestal. Ons het met groot entoesiasme begin beplan om daarvan 'n volwaardige motorskou te maak. Ons het meer motorklubs sowel as vlooimarkuitstallers uitgenooi.

Die gemeente het die geleentheid aangegryp en jaarliks het die getal motorklubs en uitstallers toegeneem. Gou het dié motorskou alombekend geword as die Noordwes Motorskou. Daar is ook besluit om wisseltrofeë, bekers en sertifikate aan motors in verskillende kategorieë toe te ken. Dit is een van die aspekte wat hierdie motorskou uniek maak. 'n Verdere unieke aspek is dat daar geen inskrywingsfooie daaraan verbonde is om jou motor te bring nie. Elke motoreienaar kry boonop twee komplimentêre etekaartjies. Deesdae skryf daar jaarliks ongeveer 25 tot 35 motorklubs en nagenoeg 100 privaateienaars vir die Motorskou in en tussen 300 en 400 motors word uitgestal. Dit maak die Noordwes Motorskou een van die vyf grootste motorskoue in die land!

Daar is egter nie net motors by die Motorskou te sien nie. Vir diegene wat van allerlei mooi snuisterye hou, is daar meer as 40 vlooimarkstalletjies en vir die liefhebbers van oudhede is daar 'n antieke meubelveiling waar verskeie antieke items opgeveil word. Die aantal aktiwiteite word aangebied om nuwe belangstellings aan te wakker. Die Motorskou is nou ook troeteldiervriendelik met 'n gewilde hondeskou wat die afgelope paar jaar plaasvind. Boonop is daar 'n verhoogprogram waar bekende kunstenaars sowel as opkomende plaaslike kunstenaars optree.

Die gemeente het uit die staanspoor al die kosstalletjies self beman. Daar word elke jaar hard gewerk aan al die voorbereiding wat vir die kosverkope gedoen word. Vleisbestellings word vooraf geneem en tot 22 beeste is al by geleentheid deur die gemeente vir bestellings en kosverkope bewerk. En die kos is natuurlik smaaklik en van hoë gehalte – soos nét basaarkos kan wees.

In 2026 het ons die voorreg gehad om die 32ste Noordwes Motorskou aan te bied. Tydens die Covid-pandemie moes twee geleenthede gekanselleer word. Tog het die Motorskou ná Covid sy momentum behou en kon dit sedert 2023 weer op 1 Mei suksesvol aangebied word. Die Noordwes Motorskou van Gemeente Potchefstroom is een van die groot geleenthede op die kalender van motorentoesiaste, sowel as van die gemeenskap van Potchefstroom en omliggende dorpe.

Vir die gemeente is dit 'n uitstekende geleentheid om saam te werk. Meer as 200 lidmate kom sit hand by en dra op verskillende maniere by tot die sukses van die geleentheid. Dit is ook vir ons as gemeente 'n geleentheid waar ons deur ons optrede en diensbaarheid ons geloof uitleef en 'n verskil in die gemeenskap maak. Hoewel die gemeente bekend is vir dienswerk op verskillende terreine van die gemeenskap, is die gemeente ook met die aanbieding van die Motorskou wyd bekend. Die Motorskou vorm deel van die gemeente se getuienis in die wêreld deur die wyse waarop lidmate met die publiek omgaan en die gesindheid waarmee die geleentheid aangebied word. Daarom is ons dankbaar dat die Motorskou steeds van krag tot krag gaan en ons vertrou dat Gemeente Potchefstroom nog vir lank die geleentheid sal hê om op hierdie besondere wyse in die gemeenskap van God se liefde en genade te getuig.

(Ds Willem Kok en dr Marina Kok-Pretorius is leraars van Gemeente Potchefstroom)




ZKT659 GP

















MIDAS
JYR148 GP





# Transisieleierskap: die fasilitering, toerusting en begeleiding van ingrypende verandering en oorgang in die kerk

Dr Hannes Janse van Rensburg

**Die kerk leef in 'n tyd van voortdurende verandering. Die uitdaging is nie meer om verandering te vermy nie, maar om dit só te bestuur dat gemeentes hul identiteit en roeping in Christus verdiep. Hierdie artikel verken transisieleierskap as 'n geloofsonderskeidende praktyk wat gemeentes help om verandering nie bloot te oorleef nie, maar betekenisvol en roepingsbewus te betree. Transisieleierskap bied nie bloot nuwe bestuursvaardighede nie, maar nooi predikante en kerkleiers uit tot 'n nuwe manier van dink. Luister, geloofsonderskeiding en roeping word die vertrekpunt van bediening en diens.**



Min mense sal vandag nog ontken dat die kerk in 'n tyd van ingrypende verandering leef. Die wêreld waarin ons gemeentes funksioneer, het dramaties verander. Demografiese verskuiwings, ekonomiese druk, tegnologiese ontwikkeling, veranderende gemeenskappe en die verwagtings van nuwe generasies het die konteks van bediening ingrypend verander. Die vraag is daarom nie meer óf gemeentes gaan verander nie, maar hóé hulle deur hierdie oorgang begelei kan word.

Vir baie jare is gemeentelike leierskap grootliks verstaan as die vermoë om bestaande bedieninge en dienswerk in stand te hou. Predikante moes programme bestuur, strukture laat funksioneer en stabiliteit verseker. Hierdie instandhoudingsmodel het die kerk goed gedien in 'n tyd toe verandering stadiger plaasgevind het en gemeentes relatief voorspelbare omgewings beleef het. Vandag is dit egter nie meer voldoende nie. Gemeentes bevind hulle voortdurend in oorgange wat nie net organisatoriese aanpassings vereis nie, maar ook diep geloofsonderskeiding oor hul identiteit en roeping.

Hieruit het die begrip *transisieleierskap* ontstaan. Hierdie benadering het sy oorsprong in die werk van die *Interim Ministry Network* (IMN), wat aanvanklik gemeentes tydens vakatures van predikante begelei het. Met verloop van tyd het dit egter duidelik geword dat oorgange nie slegs tydens 'n vakature plaasvind nie. Elke gemeente beleef voortdurend verandering: lidmaatgetalle verander, gemeenskappe ontwikkel, finansiële realiteite skuif en nuwe missionale uitdagings ontstaan. Daarom het transisieleierskap ontwikkel tot 'n leierskapsparadigma wat gemeentes help om verandering nie bloot te bestuur nie, maar dit as 'n geloofsonderskeidende proses te verstaan.

Die belangrikste bydrae van transisieleierskap is waarskynlik dat dit ons manier van dink oor verandering beïnvloed. Ons eerste reaksie op verandering is dikwels om dit as 'n probleem te beskou wat opgelos moet word. Ons stel nuwe planne op, verander strukture en probeer so vinnig moontlik terugkeer na normaliteit. Transisieleierskap stel egter 'n ander vraag. Dit vra nie eerste: *Hoe herstel ons wat verlore gegaan het?* nie, maar eerder: *Waartoe roep God ons in hierdie nuwe tyd?* Hierdie verskuiwing vanaf instandhouding na geloofsonderskeiding is waarskynlik die grootste uitdaging én die grootste geleentheid waarvoor die kerk vandag staan.

Hierdie benadering herinner ons daaraan dat die kerk nie haar eie toekoms bepaal nie. Die kerk behoort aan Christus. Daarom word ons nie geroep om bloot bestaande strukture te beskerm nie, maar om voortdurend te onderskei hoe God sy gemeentes in elke nuwe konteks lei. Roeping word dan die vertrekpunt van gemeentelike lewe. Lidmaatgetalle, begrotings en programme bly belangrik, maar dit is nie meer die sentrum van die gesprek nie. Die sentrale vraag is: Hoe neem hierdie gemeente vandag getrou deel aan die *Missio Dei* – God se sending in die wêreld?

Wanneer roeping weer sentraal staan, verander ons verstaan van die kerkleier se rol ook. Tradisioneel is daar dikwels verwag dat die predikant die een met die antwoorde moet wees. Hy of sy moes probleme oplos, besluite neem en sekerheid bied. Transisieleierskap vra egter 'n ander houding. Die predikant word 'n reisgenoot wat saam met die gemeente deur onsekerheid beweeg. Dit vra die moed om langer te luister voordat daar gepraat word, die nederigheid om vrae te stel voordat oplossings aangebied word en die geloof om te vertrou dat God reeds in die gemeente aan die werk is.

Hier sluit twee belangrike stemme uit die internasionale gesprek oor leierskap aan. Mary Clark Moschella beskryf gemeente-etnografie as 'n pastorale praktyk waarin die gemeente met nuuskierigheid en respek leer ken word. Edgar en Peter Schein herinner ons in *Humble Inquiry* daaraan dat ware leierskap begin deur vrae te vra eerder as om antwoorde te gee. Luister word daarom nie bloot 'n voorbereiding vir bediening nie; luister ís bediening. Wanneer kerkleiers werklik na mense se verhale, vrese, verliese en hoop luister, begin gemeentes hul eie identiteit en roeping nuut ontdek.

Transisieleierskap vra ook dat ons anders na die gemeente self kyk. 'n Gemeente is nie bloot 'n organisasie met strukture, begrotings en kommissies nie. Dit is 'n lewende geloofsgemeenskap wat deur verhoudings, herinneringe, tradisies en gedeelde geloof gevorm word. Probleme soos verlies van lidmate, konflik of finansiële druk is dikwels nie die werklike probleem nie, maar simptome van dieper prosesse wat oor jare ontwikkel het. Daarom probeer die transisieleier nie net om simptome op te los nie, maar help ook die gemeente om haar eie geskiedenis, kultuur, gawes en roeping beter te verstaan.

Die bekende organisasieteoretikus James G. March beskryf hierdie balans treffend wanneer hy skryf: *Leadership involves plumbing as well as poetry*. Hierdie eenvoudige uitspraak raak die hart van transisieleierskap. Die *poësie* van leierskap gaan oor visie, betekenis, hoop en inspirasie. Dit help mense om te glo dat God steeds besig is om nuwe dinge te doen. Maar daar is ook die *loodgieterswerk* van leierskap: gesonde prosesse, verantwoordbare besluitneming, konflikhantering, rentmeesterskap en goeie kommunikasie. Sonder hierdie praktiese werk bly selfs die mooiste visie bloot woorde. Andersyds word goeie administrasie sonder visie maklik blote instandhouding. Die kerk benodig daarom leiers wat beide dimensies met wysheid kan integreer.

Miskien is die grootste uitdaging van transisieleierskap dat dit nie in die eerste plek nuwe tegnieke vra nie, maar 'n nuwe manier van dink. Dit vra dat kerkleiers hulself minder as bestuurders van instellings en meer as geestelike begeleiers van geloofsgemeenskappe sal verstaan. Dit vra dat ons onsekerheid nie as mislukking beskou nie, maar as die ruimte waarbinne God nuwe moontlikhede skep. Dit vra die bereidheid om saam met die gemeente op reis te gaan sonder om reeds elke antwoord te hê. Die sleutelwoord is *saam*. Wanneer lidmate deel van die proses van onderskeiding word, groei eienaarskap en vertroue. Verandering word dan nie iets wat aan mense gedoen word nie, maar 'n reis wat saam aangepak word.

Die Hervormde Kerk het vandag leiers nodig wat hierdie nuwe manier van dink kan beliggaam – nie omdat transisieleierskap die nuutste bestuursmodel is nie, maar omdat dit die Kerk help om vanuit haar diepste identiteit te leef. Die kerk bestaan nie om haarself in stand te hou nie; sy bestaan omdat God haar roep. Daarom gaan transisieleierskap uiteindelik nie oor verandering as sodanig nie, maar oor getrouheid. Getrouheid aan die Here van die Kerk wat sy gemeente in elke nuwe tyd roep om sy evangelie vars te beliggaam. Wanneer kerkleiers leer om te luister, te onderskei en reisgenote te wees, word transisieleierskap meer as 'n metode. Dit word 'n geestelike ingesteldheid waardeur die kerk leer om hervormd, voortdurend luisterend en gehoorsaam aan Christus te leef. Só kan die kerk met hoop die toekoms tegemoetgaan – nie omdat sy al die antwoorde het nie, maar omdat sy weet aan Wie sy behoort.

(Dr Hannes Janse van Rensburg is leraar van Gemeente Zuurfontein en lid van die Sentrum vir Gemeentelike Bediening)

# Groen spriete



Ds Etienne Fourie

**Jon Swales, 'n priester in die Anglikaanse Kerk in Engeland, het onlangs in 'n Facebook-plasing 'n klompie interessante opmerkings oor die godsdienstige landskap in Brittanje gemaak. Ek verweef 'n paar van sy gedagtes met ons situasie hier ter lande.**

Hy meld dat daar meer en meer berigte begin verskyn wat vertel van groei in kerke, 'n groter openheid oor geestelike sake en 'n terugkeer van jongmense, veral na gevestigde, sogenaamde hoofstroom kerke. Hy skryf dit daaraan toe dat mense uitgeput voel vanweë die konstante blootstelling aan die leegheid van die verbruikerswêreld. Mense is op soek na meer betekenis en spirituele diepgang in die lewe.

Swales waarsku egter dat hierdie *groen spriete* nog nie beteken dat die winter verby is nie. Ons leef steeds in 'n oorheersend sekulêre wêreld waar geloof in God nie die verstekopsie van die samelewing is nie. Christelike geloof is maar een van baie moontlikhede. Die institusionele geheue wat vir 'n lang tyd deel van die beweegrede was vir mense om 'n erediens by te woon, is aan die kwyn.

Nie almal wat nader aan die kerk beweeg, beweeg noodwendig nader aan Christus nie. Sommige is op soek na iets spiritueels, na iets wat deur eeue heen vastigheid bied midde-in 'n snel veranderende wêreld.

Die suigkrag van hierdie vinnig veranderende wêreld is groot. Dit is 'n wêreld waarin blitssnelle veranderinge telkens aangevuur word deur boodskappe van 140 karakters op 'n skerm, waar individue al meer hulself terugtrek en vereensaam, al sit hulle met 'n lys van 'n paar honderd virtuele vriende op hul sosialemediaplatforms.

Sekularisasie het hard en diep gebyt. Demografiese skuiwe, die ontvolking van die platteland eis 'n hoë tol. Tog, doen dominees steeds hul gemeentewerk onder hierdie omstandighede. Swales sê dat hy somtyds baie bekommerd is oor dié dominees wat getrou hul dienswerk onder moeilike omstandighede probeer doen en al die praatjies oor kerkgroei en vernuwing hoor en dan stilletjies die afleiding maak dat, omdat daar nie groei en vernuwing in hul gemeentes is nie, hulle besig is om te faal. Ek dink by ons is dit dikwels ook so.

Baie dominees dien op dorpies waar die skool óf gesluit het, óf saamgesmelt het met 'n skool op 'n buurdorp, waar die laaste tak van 'n bank al vyf jaar gelede toegemaak het, waar daar nou net een vulstasie, wat slegs bedags sake doen, nog oop is.

Maar die kerk is nog oop. Elke Sondag, dalk elke tweede Sondag, is daar iemand wat die kerkgebou oopsluit, sorg dat alles binne reg is en selfs die glas water vir die dominee op die kansel plaas. Een vir een daag die gewone lidmaatkudde op. Die deur is egter oop vir enigeen, 'n vreemdeling, 'n soeker wat stilweg insluip, die bekende reuk van die Cobra-politoer op die bankie diep inasem, na die effe verweerde dieprooi mat in die gangetjie kyk en voor die kansel die woorde *So spreek die Here / In U lig / U Woord is die waarheid* of iets dergeliks op die kanselkleed lees en besef: *Na al die jare, is ek weer tuis.*

As emeritus is dit my voorreg om bykans elke Sondag in 'n ander gemeente te kan preek. Verreweg is die meeste klein gemeentes waar die dominee op verlof is, of gemeentes waar daar net aflospredikante preek. Dit het ook nou so gebeur dat ek op 'n gereelde basis in drie kleinerige NG-gemeentes preek. In al die gemeentes is my belewenis dieselfde.

Die kerkgeboue is skoon, netjies en die tuine mooi versorg. Alles is reg sodat die erediens kan plaasvind. Ek moet al teen die Donderdag voor die erediens my liturgie deurgee, want daar is iemand wat sorg dat die projeksie reg gaan wees, dat die orrelis weet wat gespeel gaan word of dat die regte begeleiding elektronies beskikbaar is. Teen die tyd dat ek op 'n Sondag opdaag, is alles reg en in plek vir die diens om te kan begin.

Ek het aanvanklik dadelik konsistorie toe gegaan en daar rondgestaan tot die diens begin, maar gou agtergekom dat dít nie is waar die aksie gebeur nie. Voor die diens word daar heerlik in die kerkgebou gekuier. Elkeen wat inkom, word met 'n drukkie gegroet en daar word gelag, gesels, soms saam gehuil, afhangende van die omstandighede.

Gemeentes het verskillende gebruike. Een gemeente het 'n sanggroepie wat voor die diens sing. Op 'n spesifieke Sondag toe ek daar was, het hulle 'n spesiale programmetjie opgestel met gepaste gedigte en liedere vir 'n nuwe intrekker wat die vorige week aangemeld het. Die nuwe intrekker het iemand aan die dood afgestaan en die sanggroepie wou hulle omgee op 'n besondere manier wys. Verseker, het ek by myself gedink, gaan daardie nuwe intrekker 'n groen spriet word wat geil in daardie gemeente gaan groei.

'n Ander gemeente sing aan die einde van elke diens 'n spesifieke lied oor die Here wat seën. Almal staan in hulle blokke op, hou mekaar se hande vas. In die blok reg voor my is daar 'n seun met 'n erge getremdheid in 'n rolstoel. 'n Hele paar lidmate kom staan om die rolstoel en vorm daar hul kringetjie van handevashouers. As iemand vir die eerste keer by dié gemeente instap, hierdie handeling beleef en daarby ingesluit word, is ek oortuig dat hulle 'n groen spriet in daardie gemeente gaan word.

Wat vir my uitstaan, is dat die vyftig-, sestigstuks mense in die gemeentes in alle opsigte 'n hegte familie is. Hulle funksioneer nog goed op hul manier. Hulle gaan dalk nooit tot 'n mega-gemeente groei nie. Ek wonder tog of mega-, selfs net baie groter gemeentes, die hartlikheid, warmte, omgee en intimiteit beleef waarvan die klein gemeentes oorloop.

Ek is soms bekommerd dat ons behep raak met getalle, getalle wat moet groei, ook deur die samesmelting of terugstigting van gemeentes. Ja, groei in getalle sal wonderlik wees. Ek wonder of ons genoegsaam verreken dat die strewe na groei die voortbestaan van klein, gelukkige familiegemeentes in die gedrang bring. Wat gebeur dan? Verminder ons nie só doelbewus ons lidmate nie?

Swales sê dat sommige geroep is om groot en groeiende gemeentes te bedien. Ons dank die Here vir hulle. Ander word geroep om in harder grond te arbei, immer vertrouend dat Christus ook daar, in die kleiner gemeentes met 'n soms onsekere toekoms, nog steeds tussen die kerkbanke beweeg.

(Ds Etienne Fourie is emerituspredikant en leraar van Gemeente Benoryn)

# Emeritaatsaanvaarding van ds JJC Koekemoer



Dr Wouter van Wyk (Kommissie van die AKV en klasvriend), Wilna Koekemoer, ds Johan Koekemoer, ds Henk en Trudie Joubert (voorsitter van die Ring Noordelike Bosveld en klasvriend)

**Ds Henk Joubert**

**Ds Johan Koekemoer is op 25 Mei 1961 gebore en het later as jong man God se roeping gehoorsaam om bedienaar van die evangelie te word. Hy is op 27 November 1986 gelegitimeer en op 30 Mei 1987 as predikant van die Kerk georden.**

Hy het sy diensplig op Walvisbaai gedoen en het ook die gemeente daar bedien. Hy ontvang en aanvaar 'n beroep na Gemeente Harrismith in 1989 waar hy sy groot liefde, Wilna, ontmoet en met haar trou. Die Here seën hul huwelik met die geboortes van MJ en Anina.

Die gesin verhuis 12 jaar later na Marble Hall waar ds Johan, saam met Wilna (en die kinders), die gemeente vir 25 jaar tot en met sy emeritaatsaanvaarding op 24 Mei 2026 bedien.

Gemeente Marble Hall het 'n heerlike dankfees voorberei waartydens dr Wouter van Wyk namens die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering die akte van emeritaat oorhandig het.

Aan God die eer vir elke bedienaar van sy Woord wat roepingsbewus en met ywer die Evangelie bedien.

(Ds Henk Joubert is leraar van Gemeente Welgelegen-Pietersburg en voorsitter van die van die Ring van Noordelike Bosveld)

# Stoepstories: Karwagte

**Oupa Stoep**

**Verwarde Festus van Vlieëkraal vra:** ***Beste Oupa Stoep, ek woon my lewe lank hier op 'n plaas in die hartjie van die Vrystaat. Ek was die ander dag vir die heel eerste keer in Bloemfontein. Daar sien ek toe manne en vroue in glimbaadjies wat vriendelik vir jou help om in en uit 'n parkeerplek te kom. Ek dog dat die stadsmense darem baie moeite doen om ons plaasjapies te help, tot een van die glimbaadjiebrigade baie ongeskik vir my vra waar sy geld is. Kan Oupa my dalk help om te verstaan?***

Beste Festus, baie geluk! Jy het jou eerste ontmoeting met 'n komponent van die sogenaamde informele ekonomie gehad: karwagte. Dit is mense wat, in verwagting van 'n fooitjie, jou help parkeer en oënskynlik ook jou kar oppas totdat jy terugkom. Oupa weet dat karwagte net so 'n omstrede saak is soos die nuwe nuwe Hilux-bakkie se sierrooster wat blykbaar soos 'n Tupperware-teesakkie lyk...

Persoonlik dink Oupa dat karwagte darem probeer om iets nuttigs te doen en hulle staan nie net bakhand by 'n verkeerslig nie. Oupa gee dus 'n geldjie, al besef hy dat dit steeds geen waarborg is dat sy motor nie gesteel gaan word nie.

Oupa gaan twee ware verhale met jou deel en dan kan jy self maar 'n opinie vorm. Oupa kom eendag by sy plaaslike winkelkompleks en sien dat daar 'n groot oproerigheid in die parkeerterrein is. Een van Oupa se diakens hardloop al vloekend agter 'n karwag aan. Die diaken het 'n kortbroek en plakkies aan en dra twee swaar sakke kruideniersware in sy hande. Dit maak dat hy nie die karwag ingehaal kry nie. Tussen die vloekwoorde deur, lei Oupa af dat die diaken se bakkie gesteel is en dat hy die karwag daarvoor verantwoordelik hou. Oupa besluit om maar eerder van die drama af weg te ry, want Oupa wou nie die diaken se woede ook met skaamte belas as hy besef dat sy pastor sy goed gekruide taal aangehoor het nie.

'n Rukkie later besluit Oupa dat dit nou veilig is om sy inkopies te gaan doen. Oupa kry die diaken in die winkelsentrum en vra hom hoekom hy so ontsteld lyk. Hy beduie toe dat, toe hy die derde keer deur die parkeerterrein draai agter die karwag aan, sien hy sy vrou se kar raak. Hy het vergeet dat hy daarmee gery het en nie met sy bakkie nie. Hy kry toe te skaam om die karwag te laat sien dat hy in 'n ander kar inklim en hy kruip nou weg. Oupa het hom huis toe gevat en sy seun gebring om die ma se kar te kom haal...

'n Kollega vertel dat sy saam met iemand was wat, toe 'n karwag vra: *Madam, do you please have a tip for me?* Die dame het geantwoord: *Yes, I do have a tip: Read your Bible and pray every day!*

So, liewe Festus, besluit maar self watter roete jy met karwagte gaan volg!

# Ds GJ Smit – 'n terugblik op 'n geseënde dienstyd



Ds en mev Smit saam met hul kinders, hul dogter, Jana de Wet (links agter) en haar man Nico en hul kinders, Nicola, Jacques en Luan. Regs agter staan hul seun Petri en sy vrou, Sophie, met hul twee kinders, Claire en Caleb.

**Susan Visser**

**Lidmate, kollegas, familie en vriende het die voorreg gehad om op Sondag 26 Julie saam met ds Geo en mev Elize Smit sy emeritaatsaanvaarding te vier. Ds Geo is in 1986 georden en voltooi sy diensplig in Gemeente Potchefstroom-Suid van 1986 tot 1987 waarna hy in 1988 na Gemeente Losberg in Fochville beroep is. In 1991 word hy weer na Gemeente Potchefstroom-Suid beroep.**

Ds Smit het op verskeie komitees van die Kerk gedien en was ook by Bybelverspreiding betrokke. In 2018 het hy saam met die gemeenskap die Bybel met die hand oorgeskryf en 450 vriende was by hierdie projek betrokke. Dit het gemeentelede en lidmate van ander gemeentes asook gemeenskapslede en lidmate van ander kerke ingesluit. Hierdie oorspronklike geskrewe kopie is in vier bundels gebind en word tans in die Lutherhaus in Wittenberg, Duitsland, uitgestal. Die beplanning is dat hierdie Bybel in 2028 na die Bybelmuseum in Washington verskuif sal word.

Die Kerk kyk met dank en waardering saam met die Smit-gesin terug na meer as 40 jaar se toewyding aan die Kerk en wens hul net die beste toe vir die nuwe fase van hul lewe.

Na aanvang van sy emeritaat sal ds Smit steeds diens doen in Gemeente Potchefstroom-Suid, maar wel in 'n deeltydse hoedanigheid. Gemeente Potchefstroom-Suid is dankbaar om die Smit-gesin steeds as deel van hul familie te behou.

(Susan Visser is lidmaat en ouderling van Gemeente Potchefstroom-Suid en ouderlingslid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering)


| | |
|---|---|
| Redakteur: | Ds David Barnard. Subredakteur: Ds Etienne Fourie. Produksieredakteur: Mej Sanet du Plessis. Joernalis: Ds Iwana Kruger. |
| Redaksie: | Ds Annami Cockeran, dr Hein Delport, ds Iwana Kruger, ds Dalene Lourens, ds Mariët Robbertze, ds Larry van der Walt, dr Wouter van Wyk (sekretaris: Kommissie van die AKV). |
| Grafies: | Mnr Hugo van Niekerk. |
| Administrasie: | Mev Sarie Roux. |
| Uitgewer: | Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Posbus 2368, Pretoria 0001. Tel 012 322 8885, e-pos: boekwinkel@nhk.co.za, webblad: www.nhka.org |
| Drukkers: | Seriti Printing, Pretoria. By die Hoofposkantoor as nuusblad geregistreer ISSN 0259-949X. |


*Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.*